

Hoofstuk van die dag: Esegiël 2

> *Die stem het vir my gesê: “Mens, staan regop, Ek wil met jou praat.” (Eseg 2:1)*

Esegiël is deur God persoonlik geroep, met ’n duidelike opdrag. Die gesigte wat hy gesien het, was bisar en sekerlik

ook ontstellend (Eseg 1), en God het met ’n hoorbare stem gepraat. Ons lees van baie ander mense in die Bybel aan wie God ook verskyn het (bv Moses in Eks 3, of Jesaja in Jes 6). In die Nuwe Testament lees ons hoe die Here Jesus sy dissipels (Joh 1:43, Matt 9:9 e.a.) en die apostel Paulus (Hand 9:3-6, Rom 1:1) persoonlik geroep het.
Vir die meeste van ons is God se roeping baie minder dramaties. Dit beteken egter nie dat dit minder betekenisvol is nie, want as God roep, raak dit elke enkele aspek van jou lewe: jou beroep, jou gesin, jou identiteit, jou geloof, jou verhoudings, en selfs ook die manier waarop jy na die lewe en die toekoms kyk.
Daar is mense wat nie positief op God se roepstem reageer nie, soos die ryk jongman (Matt 19:21-22), of halfpad omdraai, soos Demas (2 Tim 4:10). Maar vir dié wat hoor en antwoord, wag ’n lewe van vervulling.
Het jy al moeite gedoen om God se plan vir jou te hoor?

Onlangse Bydraes

- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob

Argief

Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook

- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026